

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Saterdag 15 Augustus 1970

WINDHOEK

Saturday 15 August 1970

No. 3105

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

GOVERNMENT NOTICES:

No. 104	Ere-Natuurbewaarder: Aanstelling van	Honorary Nature Conservator: Appointment of	1087
No. 105	Munisipaliteit Usakos: Wysiging van Waterleweringsregulasies	Municipality of Usakos: Amendment of Water Supply Regulations	1087
No. 106	Munisipaliteit Otjiwarongo: Wysiging van Bouregulasies	Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Building Regulations	1087
No. 107	Munisipaliteit Tsumeb: Wysiging van Gesondheidsregulasies	Municipality of Tsumeb: Amendment of Health Regulations	1087
No. 108	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Waterleweringsregulasies	Municipality of Windhoek: Amendment of Water Supply Regulations	1088
No. 109	Munisipaliteit Gobabis: Wysiging van Gesondheidsregulasies	Municipality of Gobabis: Amendment of Health Regulations	1089
No. 110	Administrasiewerknemersregulasies: Wysiging	Administration Employees Regulations: Amendment	1089
No. 111	Administrasiewerknemersregulasies: Wysiging	Administration Employees Regulations: Amendment	1090
No. 112	Munisipaliteit Walvisbaai: Wysiging van Brandweer- en Brandbeskermingsregulasies	Municipality of Walvis Bay: Amendment of Fire Brigade and Fire Protection Regulations	1090
No. 113	Munisipaliteit Otjiwarongo: Wysiging van Begraafplaasregulasies	Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Cemetery Regulations	1091
No. 114	Munisipaliteit Otjiwarongo: Wysiging van Waterleweringsregulasies	Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Water Supply Regulations	1091
No. 115	Munisipaliteit Usakos: Wysiging van Heffings vir Inboorlingbehuising	Municipality of Usakos: Amendment of Native Housing Levy	1092
No. 116	Munisipaliteit Gobabis: Regulasies op die Lisenasiering van Trapfietsse	Municipality of Gobabis: Regulations relating to the Licensing of Pedal Cycles	1092
No. 117	Munisipaliteit Walvisbaai: Wysiging van Vleis- en Slagplaasregulasies	Municipality of Walvis Bay: Amendment of Meat and Abattoir Regulations	1096
No. 118	Munisipaliteit Lüderitz: Reglement van Orde	Municipality of Lüderitz: Rules of Order	1097
No. 119	Munisipaliteit Keetmanshoop: Verlofregulasies vir Nie-blanke Werknemers	Municipality of Keetmanshoop: Leave Regulations for Non-white Employees	1109
No. 120	Munisipaliteit Otjiwarongo: Wysiging van Gesondheidsregulasies	Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Health Regulations	1114

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- No. 40 Persoon onbevoeg Verklaar om 'n Wapen of Ammunisie te besit
- No. 41 Publieke Kennisgewing om Opgawes vir die 1970 Jaar van Aanslag te Verstrek
- No. 42 „Crown Land Disposal Ordinance, 1903” (Transvaal): Kansellasië van Sertifikaat van Reservasie 37 van 1928
- No. 43 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — H. J. Schierschmidt
- No. 44 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — G. P. E. Reimann
- No. 45 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — O. H. H. A. Voigts
- No. 46 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — N. J. Oelofse
- No. 47 Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — L. M. J. Nel
- No. 48 Munisipaliteit Windhoek (Klein Windhoek Uitbreiding 3): Voorgestelde Stigting van
- No. 457 (Republiek) Bouverenigingsopgawe — Mei 1970

ADVERTENSIES:**GENERAL NOTICES:**

- Person declared Unfit to Possess Arms or Ammunition 1114
- Public Notice to Furnish Returns for the 1970 Year of Assessment 1115
- Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal): Cancellation of Certificate of Reservation 37 of 1928 1116
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — H. J. Schierschmidt 1117
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — G. P. E. Reimann 1117
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — O. H. H. A. Voigts 1117
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — N. J. Oelofse 1118
- Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — L. M. J. Nel 1118
- Municipality of Windhoek (Klein Windhoek Extension 3): Proposed Establishment of 1118
- (Republic) Building Societies Return — May 1970 1119

ADVERTISEMENTS: 1120**Goewermentskennisgewings.**

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 104.] [1 Augustus 1970. No. 104.] [15 August 1970.

AANSTELLING VAN ERE-NATUURBEWAARDER.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en in-gevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 71 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) mnr. E. A. Nel, L.U.K. as Ere-natuur-bewaarder vir die Gebied Suidwes-Afrika aan te stel.

APPOINTMENT OF HONORARY NATURE CONSERVATOR.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 71 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) to appoint Mr. E. A. Nel, M.E.C. as Honorary Nature Conservator for the Territory of South West Africa.

No. 105.] 15 Augustus 1970. No. 105.] [15 August 1970.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en in-gevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243, saamgelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 256 van 1956, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 134 van 1968.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the under-mentioned amendment to the regulations published under Government Notice 256 of 1956, as amended by Government Notice 134 of 1968.

MUNISIPALITEIT VAN USAKOS

WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES.
Vervang paragraaf 1 van Bylae B deur die volgende:

MUNICIPALITY OF USAKOS

AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.
Substitute the following for paragraph 1 of Schedule B:

„Maandeliks 'n basiese aanslag van R2.00 per meter waarby 7 kubieke meter gratis water ingesluit is, daarna R0.13 per kubieke meter water of gedeelte daarvan.”

“Monthly a basic charge of R2.00 per metre which includes the free supply of 7 cubic metres of water and thereafter R0.13 for every cubic metre of water or part thereof supplied.”

No. 106.] [15 Augustus 1970. No. 106.] [15 August 1970.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en in-gevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die Bouregulasies van die Munisipaliteit van Otjiwarongo afgekondig by Goewermentskennisgewing 239 van 1955 en gewysig by Goewermentskennisgewings 21 van 1958 en 61 van 1961.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments of the Building Regulations of the Municipality of Otjiwarongo promulgated by Government Notice 239 of 1955 and amended by Government Notices 21 of 1958 and 61 of 1961.

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO

WYSIGING VAN BOUREGULASIES.

1. Skrap tariewe „(1)” tot „(9)” by regulasie 10 in geheel en vervang dit deur die volgende nuwe tarief „(1)”:

„(1) $\frac{1}{10}$ % van die beraamde bouwaarde met 'n minimum geld van R1.00 en 'n maksimum geld van R150.00”.

2. Hernommer tariewe „(10)” en „(11)” by regulasie 10 om te lees „(2)” en „(3)” onderskeidelik.

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO.

AMENDMENTS OF BUILDING REGULATIONS.

1. Delete tariffs “(1)” to “(9)” under regulation 10 in *to* and substitute the following new tariff “(1)” for them:

“(1) $\frac{1}{10}$ % of the estimated building value with a minimum fee of R1.00 and a maximum fee of R150.00”.

2. Renumber tariffs “(10)” and “(11)” under regulation 10 to read “(2)” and “(3)” respectively.

No. 107.] [15 Augustus 1970. No. 107.] [15 August 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en in-gevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 131 van 1956 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 137 van 1957 en 48 van 1965.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendment of the regulations published by Government Notice 131 of 1956 as amended by Government Notices 137 of 1957 and 48 of 1965.

MUNISIPALITEIT VAN TSUMEB.

WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Vervang Bylae C deur die volgende:

„BYLAE C

(Ingevolge Hoofstuk VI)

1. Die verwydering van huisvullis:
 - (a) Private wonings, woonstelle, openbare geboue, skole en skoolkoshuise, kerke en kerksale en hospitale per vullishouer per maand . . . R2.00
 - (b) Alle ander persele nie by (a) ingesluit nie per vullishouer per maand met 'n minimum van R4.00 . . . R2.00
2. Die verwydering van tuinvullis:

Per vrug of gedeelte van 'n vrug . . . R3.00

(Nota: Die gelde vir die verwydering van tuinvullis is vooruitbetaalbaar.)”

No. 108.]

[15 Augustus 1970.]

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243(3) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die Waterleweringsregulasies van die Munisipaliteit van Windhoek soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 152 van 1925 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 4 van 1930, 97 van 1931, 171 van 1932, 141 van 1935, 122 van 1938, 17 van 1951, 227 van 1953, 119 van 1955, 91 van 1956, 226 van 1958, 287 van 1958, 183 van 1959, 212 van 1961 en 91 van 1961.

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.

WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES.

Die Waterleweringsregulasies van Windhoek word hierby gewysig deur paragraaf 7 van Bylaag B (die Waterleweringsstarief) deur die volgende te vervang:

„7(a) Wateraansluitings: Vir die verskaffing, aanlegging en instandhouding van 'n aansluitingspyp te same met die koste om die verbruiker se diens met die aansluitingspyp te verbind:

- (i) Met 'n aansluitingspyp van hoogstens $\frac{3}{4}$ duim . . . R 42.00
- (ii) Met 'n aansluitingspyp van meer as $\frac{3}{4}$ duim maar hoogstens 1 duim . . . R 48.00
- (iii) Met 'n aansluitingspyp van meer as 1 duim maar hoogstens $1\frac{1}{2}$ duim . . . R 56.00
- (iv) Met 'n aansluitingspyp van meer as $1\frac{1}{2}$ duim maar hoogstens 2 duim . . . R 74.00
- (v) Met 'n aansluitingspyp van meer as 2 duim maar hoogstens 3 duim . . . R140.00
- (vi) Met 'n aansluitingspyp van meer as 3 duim maar hoogstens 4 duim . . . R180.00
- (vii) Met 'n aansluitingspyp van meer as 4 duim — die werklike koste.

(b) Brandaansluitings: Vir die verskaffing, aanlegging en instandhouding van 'n aansluitingspyp te same met die koste om die verbruiker se diens met die aansluitingspyp te verbind:

- (i) Met 'n aansluitingspyp van hoogstens 3 duim . . . R130.00
- (ii) Met 'n aansluitingspyp van meer as 3 duim en hoogstens 4 duim . . . R150.00
- (iii) Met 'n aansluitingspyp van meer as 4 duim — die werklike koste.”

MUNICIPALITY OF TSUMEB

AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

Substitute the following for Schedule C:

“SCHEDULE C

(Under Chapter VI)

1. The removal of domestic refuse:
 - (a) Private dwellings, flats, public buildings, schools and school hostels, churches and church halls and hospitals, per receptacle per month . . . R2.00
 - (b) All other premises not enumerated under (a) above per receptacle per month with a minimum charge of R4.00 . . . R2.00
2. The removal of garden refuse per load or part thereof . . . R3.00

(Note: The fee for the removal of garden refuse is payable in advance.)”

No. 108.]

[15 August 1970.]

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by the provisions of section 243(3) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments of the Water Supply Regulations of the Municipality of Windhoek, promulgated by Government Notice 152 of 1925 as amended by Government Notices 4 of 1930, 97 of 1931, 171 of 1932, 141 of 1935, 122 of 1938, 17 of 1951, 227 of 1953, 119 of 1955, 91 of 1956, 226 of 1958, 287 of 1958, 183 of 1959, 212 of 1961 and 91 of 1969.

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.

AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Water Supply Regulations of the Municipality of Windhoek are hereby amended by the substitution of the following for paragraph 7 of Schedule B (Water Supply Tariff):

“7(a) Water connections: For the supply, lying on and maintenance of a connection pipe together with the cost of connecting the consumer's service with the connection pipe:

- (i) With a maximum diameter of $\frac{3}{4}$ inch . . . R 42.00
- (ii) With a diameter exceeding $\frac{3}{4}$ inch but not exceeding 1 inch . . . R 48.00
- (iii) With a diameter exceeding 1 inch but not exceeding $1\frac{1}{2}$ inches . . . R 56.00
- (iv) With a diameter exceeding $1\frac{1}{2}$ inch but not exceeding 2 inches . . . R 74.00
- (v) With a diameter exceeding 2 inches but not exceeding 3 inches . . . R140.00
- (vi) With a diameter exceeding 3 inches but not exceeding 4 inches . . . R180.00
- (v) With a diameter exceeding 4 inches — the actual cost.

(b) Fire connections: For the supply, laying on and maintenance of a connection pipe together with the cost of connecting the consumer's service with the connection pipe:

- (i) With a diameter not exceeding 3 inches . . . R130.00
- (ii) With a diameter exceeding 3 inches but not exceeding 4 inches . . . R150.00
- (iii) With a diameter exceeding 4 inches — the actual cost.”

No. 109.]

[15 Augustus 1970.

No. 109.]

[15 August 1970.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243, saamgelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die Model-gesondheidsregulasies, soos van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Gobabis by Goewermentskennisgewing 207 van 1960, en gewysig by Goewermentskennisgewings 149 van 1964 en 154 van 1968.

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS.

WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Vervang die tarief van gelde soos aangegee in paragraaf C van Goewermentskennisgewing 207 van 1960, deur die volgende:

„(C) TARIEF VAN GELDE

Vir die verwydering van:-

- (i) Nagvuil, twee keer per week, per emmer per maand of gedeelte daarvan, vir woon-doeleindes, bediendekwartiere, besighede en andere nie vermeld R8.00
- (ii) Nagvuil, twee keer per week, per emmer per maand of gedeelte daarvan, vir persele waar geboue in aanbou is, maar nog nie voltooi nie R4.00
- (iii) Nagvuil en/of urine, per spesiale versoek per emmer R0.50
- (iv) Vuilwater, per 1500 gellings of gedeelte daarvan R5.50
- (v) Vuilwater, per 1500 gellings of gedeelte daarvan, vir verwydering op Sondae en openbare vakansiedae R8.25
- (vi) Huisvullis, twee keer per week, per standaardhouer per maand of gedeelte daarvan R1.00
- (vii) Alle ander vullis, per vrag of gedeelte daarvan R3.00

Die Gesondheidsinspekteur bepaal hoe gereeld enige van die bogenoemde dienste ten opsigte van elke huishouding gelewer moet word, en stel die bewoner dienooreenkomstig in kennis."

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243, read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), to approve the following amendments of the Model Health Regulations, as made applicable to the Municipality of Gobabis by Government Notice 207 of 1960, as amended by Government Notices 149 of 1964 and 154 of 1968.

MUNICIPALITY OF GOBABIS.

AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

Substitute the following for the tariff of fees as given in paragraph C of Government Notice 207 of 1960:

“(C) TARIFF OF FEES

For the removal of:-

- (i) Nightsoil, twice weekly, per pail, per month or part thereof, for residential purposes, servants quarters, businesses and others not mentioned R8.00
- (ii) Nightsoil, twice weekly, per pail, per month or part thereof, for premises where buildings are erected on but not completed R4.00
- (iii) Nightsoil and/or urine per special request, per pail R0.50
- (iv) Slop water, per 1500 gallons or part thereof R5.50
- (v) Slop water, per 1500 gallons or part thereof, for removal on Sundays and public holidays R8.25
- (vi) Domestic refuse, twice weekly, per standard receptacle per month or part thereof R1.00
- (vii) All other refuse, per truck load or part thereof R3.00

The Health Inspector shall determine, in respect of each household, the frequency of any of the above services and shall notify the occupier thereof."

No. 110.]

[15 Augustus 1970.

No. 110.]

[15 August 1970.

WYSIGING VAN ADMINISTRASIEWERKNEMERS-REGULASIES.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bepalinge van Ordonnansie 17 van 1957, die Administrasieverknemersregulasies, soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing 139 van 1 Julie 1960, soos volg te wysig net ingang van 1 Januarie 1970.

Regulasie 27 word gewysig deur die byvoeging van die volgende subregulasie:

„(6) Nieteenstaande die bepalinge van subregulasie (5) van hierdie regulasie is dit nie verpligtend nie vir 'n getroude blanke geregistreerde of ingeskrewe verpleegster wat nie die broodwinner is nie en wie se eggenoot lid is van —

- (i) die Mediese Hulpvereniging van die Poskantoor;
- (ii) Mediese Hulpvereniging van Staatsamptenare; of
- (iii) 'n ander mediese hulpvereniging of mediese hulpfonds of mediese bystandfonds,

om lidmaatskap van die M.H.V.S. te verwerf."

The Administrator has been pleased, under the provisions of Ordinance 17 of 1957, to amend the Administration Employees Regulations, as published in Government Notice 139 of 1st July, 1960 as follows with effect from 1st January, 1970:

Regulation 27 shall be amended by the insertion of the following subregulation:-

“(6) Notwithstanding the provisions of subregulation (5) of this regulation, it is not compulsory for a married white registered or enrolled nurse who is not the breadwinner and whose husband is a member of —

- (i) the Post Office Medical Aid Society;
- (ii) the Civil Service Medical Benefit Association; or
- (iii) any other medical aid society or medical aid fund or medical assistance fund,

to acquire membership of the C.S.M.B.A."

No. 111.]

[15 Augustus 1970.

No. 111.]

[15 August 1970.

WYSIGING VAN ADMINISTRASIEWERKNEMERS-
REGULASIES.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bepalings van Ordonnansie 17 van 1957 die Administrasiewerknemersregulasies, soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing 139 van 1 Julie 1960, soos volg te wysig met ingang van 3 April 1970:

1. Deur na die woordbepaling van „werknemer” in Hoofstuk I van die regulasies die volgende woordbepaling in te voeg —

„Kamptoelae’, die betaling wat bedoel is om ’n werknemer te vergoed vir —

- (a) redelike uitgawes wat hy, benewens sy normale bestaansuitgawes by sy tuiste, noodwendig aan items wat by herberg inbegrepe is en wat nie deel uitmaak van die kampuitrusting wat van regeringsweë aan hom verskaf word nie, aangaan wanneer hy amptelik in diens van sy hoofkwartier afwesig is;
- (b) die ongerief verbonde aan kamplewe.”

2. Deur regulasie 107 deur die volgende nuwe regulasie te vervang:-

„107. As ’n werknemer ’n huis of woonstel wat hy self of ten volle of gedeeltelik gemeubileer het, by of in die omgewing van die hoofkwartier waarvandaan hy oorgeplaas word, bewoon het, sy persoonlike besittings laat opberg of na ’n huis of woonstel by of in die omgewing van die hoofkwartier waarheen hy oorgeplaas word, verskuif, kan die Sekretaris aan ’n blanke werkgewer ’n bedrag van eenhonderd rand betaal ten opsigte van waardevermindering van persoonlike besittings, verliese wat deur die de- en hermontering van vaste toebehore en elektriese toebehore veroorsaak word en ter dekking van uitgawes wat uit sy oorplasing voortspuit uitgesonderd dié waarvoor elders in die regulasies voorsiening gemaak word: Met dien verstande dat die Sekretaris na goeddunke ’n kleiner bedrag kan betaal indien die omstandighede na sy mening nie die betaling van ’n bedrag van eenhonderd rand in die geval van ’n blanke werknemer regverdig nie.”

No. 112.]

[15 Augustus 1970.

No. 112.]

15 August 1970.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243, gelees met artikels 242(18) en 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 242 van 1955 en gewysig by Goewermentskennisgewing 147 van 1965.

MUNISIPALITEIT VAN WALVISBAAL.

WYSIGING VAN BRANDWEER- EN BRAND-
BESKERMINGSREGULASIES.

Die Brandweer- en Brandbeskermingsregulasies van die Munisipaliteit van Walvisbaai word hierby gewysig deur regulasie 19 daarvan te vervang deur die volgende nuwe regulasie:-

„19. *Gelde vir dienste gelewer:*

Die volgende gelde word aan die munisipaliteit betaal deur die eienaar of bewoner van vaste eiendom of die eienaar of gebruiker van roerende bates ten opsigte waarvan dienste gelewer word: Met dien verstande dat waar die brandweer ontbied word maar geen dienste lewer nie die gelde betaal word deur die persoon wat die brandweer ontbied het:-

AMENDMENT OF THE ADMINISTRATION
EMPLOYEES REGULATIONS.

The Administrator has been pleased, under the provisions of Ordinance 17 of 1957, to amend the Administration Employees Regulations, as published in Government Notice 139 of 1 July, 1960 as follows with effect from 3 April 1970:

1. By inserting the following definition after the definition of “employee” in Chapter I of the regulations:-

“‘camping allowance’ means payment designed to compensate an employee in respect of —

- (a) reasonable expenses necessarily incurred by him on items which are included in accommodation and which are not part of the camping equipment provided officially while absent from his headquarters on official duty, over and above his normal living expenses at his home;
- (b) the inconvenience attached to camp life;

2. By substituting the following new regulation for regulation 107:-

“107. If any employee who occupied a house or flat, wholly or partly furnished by himself, at or in the vicinity of the headquarters from where he is transferred, stores his personal effects or removes such effects to a house or flat at or in the vicinity of the headquarters to which he is transferred, the Secretary may, in the case of a white employee, pay to him an amount of one hundred rand in respect of depreciation of personal effects, losses caused by the disassembly and re-assembly of fixed accessories and electrical accessories and to meet the expenses arising from his transfer, other than those for which provision is made elsewhere in these regulations: Provided that the Secretary may at his discretion, pay a lesser amount if he considers that the circumstances do not justify the payment of an amount of one hundred rand in the case of a white employee”.

No. 112.]

15 August 1970.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 243, read with sections 242 (18) and 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), to approve the subjoined amendment of the regulations promulgated by Government Notice 242 of 1955 and amended by Government Notice 147 of 1965.

MUNICIPALITY OF WALVIS BAY.

AMENDMENT OF FIRE BRIGADE AND FIRE
PROTECTION REGULATIONS.

The Fire Brigade and Fire Protection Regulations of the Municipality of Walvis Bay are hereby amended by the substitution of the following new regulation for regulation 19 thereof:-

“19. *Fees for services rendered:*

The following fees shall be paid to the municipality by the owner or occupier of fixed property or the owner or user of movable assets in respect of which services are rendered: Provided that when the fire brigade is summoned but renders no service the fees shall be paid by the person who summons the brigade:-

(a) *Vaste aanslag:*

Om die brandweer te ontbied, ongeag of daar dienste gelewer word of nie — R25.00: Met dien verstande dat waar die brandweer ontbied word maar geen dienste lewer nie, die Raad in sy diskresie die vaste aanslag kan verminder of kwytsteld indien die Raad oortuig is dat die brandweer nie ligsinnig ontbied was nie en dat daar geen sprake van kwade trou was nie.

(b) *Vir brandbestryding:*

(i) Vir elke uur of deel daarvan — R35.00.

(ii) Vir waterverbruik — teen die tarief soos van tyd tot tyd in die Raad se Waterleweringsregulasies bepaal.

(iii) Alle uitgawes wat die Munisipaliteit werklik en noodwendig moet aangaan in die loop van bestryding van die brand.

(c) *Vir inspeksies en beskermingsdienste:*

(i) Vir inspeksie van persele — R2.00 per inspeksie.

(ii) Vir beskermingsdienste by openbare funksies — R2.00 per uur of gedeelte daarvan."

(a) *Fixed charge:*

For summoning the fire brigade, irrespective of whether service is rendered or not — R25.00: Provided that when the fire brigade is summoned but renders no service, the Council may in its discretion reduce or remit the fixed charge if the Council is convinced that the fire brigade was not summoned irresponsibly and that no bad faith was involved.

(b) *For fire fighting:*

(i) For each hour or part thereof — R35.00.

(ii) For water consumption — at the tariff as laid down in the Council's Water Supply Regulations from time to time.

(iii) All expenses actually and necessarily incurred by the municipality in fighting the fire.

(c) *For inspection and protection services:*

(i) For inspection of premises — R2.00 per inspection.

(ii) For protection services at public functions — R2.00 per hour or part thereof."

No. 113.]

[15 Augustus 1970.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die Begraafplaasregulasies van die Munisipaliteit van Otjiwarongo soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 101 van 1942 en gewysig by Goewermentskennisgewing 274 van 1944:

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO.

WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASREGULASIES.

BYLAE „C”:

SKAAL VAN GELDE EN TARIEWE:

1) 1. *Aankoopprijs:*

Vervang die bedrag „£7.10.0” waar dit in die afdeling 1, Aankoopprijs, voorkom deur „R25.00”.

2) 2. *Begraafkoste:*

Skrap paragrawe „A” en „B” van afdeling 2, Begraafkoste, en vervang dit deur die volgende nuwe paragrawe „A” en „B”:

„Ten opsigte van alle persone:

A. Openbare vakansiedae, Saterdag en Sondag, per graf R15.00

B. Ander dae, per graf R10.00”

No. 113.]

15 August 1970.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments of the Cemetery Regulations of the Municipality of Otjiwarongo promulgated by Government Notice 101 of 1942 as amended by Government Notice 274 of 1944:

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO.

AMENDMENT OF CEMETERY REGULATIONS.

SCHEDULE „C”:

SCALE OF AMOUNTS AND TARIFFS:

(1) 1. *Purchase Fees:*

Substitute “R25.00” for “£7.10.0” where it appears in section 1, Purchase Fees.

(2) 2. *Interment Fees:*

Delete paragraphs “A” and “B” of section 2, Interment Fees, and substitute them by the following new paragraphs “A” and “B” for them:

“In respect of all persons:

A. Public holidays, Saturdays and Sundays, per grave R15.00

B. Other days, per grave R10.00”

[o. 114.]

[15 Augustus 1970.

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die Waterleweringsregulasies van die Munisipaliteit van Otjiwarongo, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 22 van 1945 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 23 van 1952, 135 van 1959, 48 van 1960 en 165 van 1961:

No. 114.]

[15 August 1970.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments of the Water Supply Regulations of the Municipality of Otjiwarongo promulgated by Government Notice 322 of 1945 as amended by Government Notices 123 of 1952, 135 of 1959, 48 of 1960 and 165 of 1961:

MUNISIPALITEIT VAN OTJIWARONGO.

WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES.

1. BYLAE „B”
 - (a) TARIEF (2): Vervang „25 sent” deur „R3.00”
 - (b) TARIEF (3): Vervang „25 sent” deur „R1.00”
 - (c) TARIEF (4): Vervang „50 sent” deur „R4.00”
 - (d) TARIEF (7): Vervang die woorde „'n bedrag wat deur die Raad in elke geval vasgestel sal word” deur die volgende woorde „kosprys plus 15%”.
2. Voeg die volgende nuwe tarief (9) in na tarief (8) in Bylae „B”:

„(9) Vir erwe waar lewering beskikbaar is, maar geen diensaansluiting gemaak is nie 'n basiese aanslag van R2.00 per maand ten opsigte van elke erf ongeag of verbeterings aangebring is of nie.”

No. 115.]

[15 Augustus 1970.]

MUNISIPALITEIT VAN USAKOS.

WYSIGING VAN HEFFINGS VIR INBOORLING-BEHUISING.

Dit behaag die Administrateur om ingevolge die bepalings van artikel 3(1)(a) van die Ordonnansie Insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) Goewermentskennisgewing 201 van 1964 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing 149 van 1968, verder te wysig deur die woorde „veertig (40) sent” in die sewende reël van paragraaf (ii) te vervang deur die woorde „tagtig (80) sent”.

No. 116.]

[15 Augustus 1970.]

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS.

REGULASIES OP DIE LISENSIËRING VAN TRAPFIETSE.

WOORDBEPALING.

1. By die toepassing van hierdie regulasies, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —
 - „munisipale gebied” die munisipale gebied van Gobabis;
 - „Raad”, die Stadsraad van die Munisipaliteit van Gobabis;
 - „lisensie”, die lisensie bedoel in regulasie 3(b);
 - „metaalplaat” die metaalplaat bedoel in regulasie 3(c);
 - „eienaar”, met betrekking tot 'n trapfiets ook —
 - (a) 'n gesamentlike of gedeeltelike eienaar van daardie trapfiets; of
 - (b) iemand in besit van daardie trapfiets uit hoofde van 'n huurkoop- of opskortverkoop-ooreenkoms maar sluit nie die verkoper ingevolge enige sodanige ooreenkoms in nie; en het die uitdrukking „behorende” 'n dienooreenkoms beteken;

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO.

AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS.

1. SCHEDULE “B”
 - (a) TARIEF (2): Substitute “R3.00” for “25 cent”
 - (b) TARIEF (3): Substitute “R1.00” for “25 cent”
 - (c) TARIEF (4): Substitute “R4.00” for “50 cent”
 - (d) TARIEF (7): Substitute the words “Cost plus 15%” for the words “a charge to be fixed in each case by the Council”.
2. Insert the following new Tariff (9) after Tariff (8) in Schedule “B”:

“(9) For erven where the supply is available but no service connections are made a basic charge of R2.00 per month in respect of each such erf irrespective of whether improvements are provided or not.”

No. 115.]

[15 August 1970.]

MUNICIPALITY OF USAKOS.

AMENDMENT OF NATIVE HOUSING LEVY.

The Administrator has been pleased in terms of section 3(1)(a) of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) further to amend Government Notice 201 of 1964, as amended by Government Notice 149 of 1968 by the substitution for the words “forty (40) cents” in the sixth line of paragraph (ii) of the words “eighty (80) cents.”

No. 116.]

[15 August 1970.]

MUNICIPALITY OF GOBABIS.

REGULATIONS RELATING TO THE LICENSING OF PEDAL CYCLES.

DEFINITION.

1. For the purpose of these regulations, unless the context otherwise indicates —
 - “Council” means the Town Council of the Municipality of Gobabis;
 - “municipal area” means the municipal area of Gobabis;
 - “licence” means the licence referred to in regulation 3(b);
 - “metal plate” means the metal plate referred to in regulation 3(c);
 - “owner”, in relation to a pedal cycle includes —
 - (a) a joint or part owner of that pedal cycle; or
 - (b) a person having possession of that pedal cycle by virtue of a hire-purchase or suspensive sale agreement but shall not include the seller under any such agreement; and “owned” shall have a corresponding meaning;

„trapfiets” enige fiets of driewiel ontwerp vir aandrywing uitsluitlik deur middel van menslike krag, maar sluit uit —

- (i) 'n voertuig aangepas en uitsluitlik gebruik deur 'n invalide om homself voort te beweeg; en
- (ii) 'n voertuig gebou uitsluitlik vir, en gewoonlik gebruik deur kinders, as 'n speelding.

„afleweringsstrapfiets”, enige trapfiets wat voorsien is van 'n rooster, mandjie, of houder en wat gewoonlik deur 'n handelaar gebruik word om handelsware te vervoer;

„registrateur” die persoon bedoel in regulasie 3(a).

HERROEPING VAN REGULASIES.

2. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 218 van 15 November 1960 word hierby herroep.

REGISTRATEUR, LISENSIE EN METAALPLAAT.

3. Die Raad moet van tyd tot tyd —

- (a) iemand aanstel as registrateur wat elke lisensie ingevolge hierdie regulasies moet uitreik en registreer op die wyse deur die Raad voorgeskryf en die ander pligte moet uitvoer wat by hierdie regulasies voorgeskryf word;
- (b) die lisensie wat aan die eienaar van 'n trapfiets ingevolge hierdie regulasies uitgereik moet word, voorskryf en verskaf;
- (c) die metaalplaat wat aan elke trapfiets, gelisensieer ingevolge hierdie regulasies, geheg moet word, voorskryf en verskaf.

REGISTRASIE EN LISENSIERING VAN TRAPFIETSE.

4. Buiten waar anders in hierdie regulasies bepaal word —

- (a) moet elke trapfiets gebruik op enige openbare pad of straat binne die munisipale gebied deur die eienaar daarvan gelisensieer word by die kantoor van die Raad ooreenkomstig die bepalinge van hierdie regulasies;
- (b) mag niemand op enige openbare pad of straat binne die munisipale gebied enige trapfiets gebruik wat nie behoorlik ingevolge hierdie regulasies gelisensieer is nie.

5. (a) Behoudens die bepalinge van hierdie regulasies moet elke eienaar van 'n trapfiets wat 'n trapfiets na die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies aanskaf of bou vir gebruik op enige openbare pad of straat binne die munisipale gebied, buiten waar anders in hierdie regulasies bepaal, voordat sodanige trapfiets aldus gebruik word 'n lisensie en metaalplaat vir sodanige trapfiets verkry; en

(b) Alle lisensies wat reeds op die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies uitgereik is, is geldig tot en met 31 Desember 1970.

6. 'n Eienaar van 'n trapfiets, wat 'n lisensie en metaalplaat daarvoor wil verkry of wat die lisensie vir sodanige trapfiets wil hernieu, moet aansoek doen by die registrateur, en die registrateur reik nie so 'n lisensie uit nie tensy —

- (a) sodanige trapfiets by die kantoor van die Raad aan hom getoon word sodat die nommer, fabriikaat en ander besonderhede van die fiets wat die Raad van tyd tot tyd vereis, aangeteken kan word;

“pedal cycle” means any bicycle or tricycle designed for propulsion solely by means of human power but shall not include —

- (i) a vehicle adapted and used exclusively by an invalid for his own propulsion; and
- (ii) a vehicle constructed exclusively for and commonly used by children, as a plaything.

“carrier pedal cycle” shall mean any pedal cycle equipped with a carrier, basket or holder, and which is ordinarily used by a merchant to convey merchandise;

“registrar” means the person referred to in regulation 3(a).

REPEAL OF REGULATIONS.

2. The regulations promulgated by Government Notice 218 of 15 November 1960 are hereby repealed.

REGISTRAR, LICENCE AND METAL PLATE.

3. The Council shall from time to time —

- (a) appoint a person as registrar who shall issue and register every licence in terms of these regulations in the manner prescribed by the Council and carry out such other duties as may be prescribed by these regulations;
- (b) prescribe and provide the licence to be issued to the owner of a pedal cycle in terms of these regulations;
- (c) prescribe and provide the metal plate which is to be affixed to any pedal cycle licenced in terms of these regulations.

REGISTRATION AND LICENSING OF PEDAL CYCLES.

4. Except where otherwise provided in these regulations —

- (a) every pedal cycle operated on any public road or street within the municipal area shall be licensed by the owner thereof at the office of the Council in accordance with the provisions of these regulations;
- (b) no person shall operate on any public road or street within the municipal area any pedal cycle which is not duly licenced in terms of these regulations.

5. (a) Subject to the provisions of these regulations every owner of a pedal cycle who acquires or builds up a pedal cycle after the date of coming into operation of these regulations for operation on any public road or street within the municipal area shall, except where otherwise provided in these regulations, before such pedal cycle is so used, obtain a licence and metal plate for such pedal cycle.

(b) All licences already issued on the date of commencement of these regulations shall be valid till 31 December 1970.

6. An owner of a pedal cycle desiring to obtain a licence and metal plate therefor or to renew the licence for such pedal cycle shall apply to the registrar and the registrar shall not issue any such licence unless —

- (a) such pedal cycle is produced and exhibited to him at the offices of the Council for the purpose of recording the number, make and such other particulars of the cycle as the Council may require from time to time;

- (b) die eienaar van sodanige trapfiets bewys lewer van sy eiendomsreg daarop;
- (c) sodanige trapfiets voldoen aan die vereistes bepaal in die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) of enige regulasies daarkragtens uitgevaardig.

7. Behoudens die bepalings van hierdie regulasies moet die registrateur by betaling van die bedrag voorgeskryf in Aanhangsel A die trapfiets registreer van enige eienaar wat 'n lisensie en metaalplaat vir sodanige trapfiets wil verkry en aan sodanige eienaar 'n lisensie en metaalplaat uitreik.

8. Die registrateur kan ten tye van die uitreiking van enige lisensie en metaalplaat vir 'n trapfiets die nommer wat voorkom op die lisensie uitgereik ten opsigte van sodanige trapfiets, of enige ander nommer of merk, op die een of ander deel van sodanige trapfiets afdruk.

AANHEGTING VAN METAALPLAAT.

9. (a) Onmiddellik na verkryging van enige lisensie en metaalplaat vir enige trapfiets moet die eienaar daarvan die metaalplaat aan die linkerkant van die naaf van die voorwiel, en as daar meer as een voorwiel is, aan die linkerkant van die naaf van die linkerviel, van sodanige trapfiets laat aanheg, en terselfdertyd elke verstrekte metaalplaat van sodanige trapfiets verwyder.

(b) Niemand mag, buiten waar anders in hierdie regulasies bepaal, enige trapfiets op enige openbare pad of straat binne die munisipale gebied gebruik nie, tensy die metaalplaat soos voormeld aangeheg is.

(c) Niemand mag enige plaat wat van metaal gemaak is en lyk op die metaalplaat, of enige metaalplaat uitgereik ten opsigte van enige ander trapfiets aan enige trapfiets heg of laat heg nie.

(d) Niemand mag enige trapfiets op enige openbare pad of straat binne die munisipale gebied gebruik, waaraan 'n metaalplaat geheg is as sodanige metaalplaat nie in 'n goeie toestand is nie of as enige nommer of merk daarop afgedruk, verander, geskend of uitgewis is of nie duidelik leesbaar is nie.

VERLIES VAN LISENSIE OF METAALPLAAT.

10 (a) As enige lisensie of metaalplaat uitgereik aan die eienaar van enige trapfiets, verlore of vernietig raak, moet sodanige eienaar onmiddellik by die registrateur aansoek doen om die uitreiking aan hom van 'n duplikaatlisensie of metaalplaat en die registrateur moet, as hy oortuig is dat die lisensie of metaalplaat uitgereik aan sodanige eienaar, verlore of vernietig geraak het, by betaling van die bedrag voorgeskryf in Aanhangsel A 'n duplikaatlisensie of metaalplaat uitreik.

(b) Die bepalings van regulasie 9 is van toepassing ten opsigte van enige sodanige duplikaatmetaalplaat.

OORDRAG VAN LISENSIE.

11. (a) Wanneer die eienaar van 'n trapfiets wat ingevolge hierdie regulasies gelisensieer is, sodanige trapfiets verkoop, moet die persoon, buiten persone bedoel in subregulasie (2), wat die nuwe eienaar van sodanige trapfiets word, voordat sodanige trapfiets op enige openbare pad of straat binne die munisipale gebied gebruik word, by die registrateur by die kantoor van die Raad aansoek doen om die oordrag van die lisensie van sodanige trapfiets op sy naam binne die tydperk van 7 dae.

(b) Die registrateur moet by betaling van die bedrag voorgeskryf in Aanhangsel A aan sodanige nuwe eienaar 'n lisensie vir sodanige trapfiets op die naam van sodanige nuwe eienaar uitreik.

- (b) proof of ownership of such pedal cycle is produced by the owner thereof;
- (c) such pedal cycle conforms to the requirements laid down in the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) or any regulations made thereunder.

7. The registrar shall, subject to the provisions of these regulations register the pedal cycle of any owner desiring to obtain a licence and metal plate for such pedal cycle and issue to such owner a licence and metal plate, upon payment of the fee prescribed in Annexure A.

8. The registrar may impress the number which appears on the licence issued in respect of any pedal cycle or any other number or mark, on some portion of such pedal cycle at the time of issuing any licence and metal plate for such pedal cycle.

FIXING OF METAL PLATE.

'n Ordemosie (wat nie skriftelik gestel moet word) wat nie gesekondeer is nie, verval. Indien die mosie egter gesekondeer word, is die voorsteller daarvan geregtig om hoogstens vyf minute lank daarvoor te praat. Die sekondant kan sodanige mosie net formeel sekondeer en mag nie daarvoor praat nie. Die voorsteller van enige saak of mosie onder bespreking toe die ordemosie ingedien is (met voorbehoud van sy reg om uiteindelik op die oorspronklike mosie repliek te lewer) kan hoogstens vyf minute repliek lewer op die ordemosie waarna daar sonder verdere bespreking oor die saak gestem moet word.

8.8 *Ordemosie: Dat die vergadering nou verdaag:*

Indien die mosie dat die vergadering nou verdaag, aanvaar word, word die prosedure gevolg wat neergelê is in paragraaf 4.1. Geen lid mag meer as een mosie ter verdaging van die raadsvergadering by dieselfde sitting voorstel of sekondeer nie.

8.9 *Ordemosie: Opskorting van die debat:*

Indien die voorstel „dat die debat opgeskort moet word” aanvaar word, moet die bespreking by die volgende vergadering van die Raad hervat word, en die Raad moet die volgende saak op die agenda behandel. Wanneer so 'n opgeskorte debat hervat word, is die lid wat voorgestel het dat dit opgeskort moet word, geregtig om eerste te praat. Geen lid mag meer as een mosie ter opskorting van dieselfde debat voorstel of sekondeer nie.

8.10 *Ordemosie: Sluiting van debat:*

Wanneer 'n mosie „dat die debat gesluit word” aanvaar word, verval daardie saak geheel en al. Geen lid mag meer as een mosie ter sluiting van die debat by dieselfde vergadering voorstel of sekondeer nie.

8.11 *Ordemosie: Dat daar tot die volgende saak oorgegaan word:*

Indien hierdie ordemosie aanvaar word, verval die saak wat onder bespreking was en gaan die Raad sonder verdere bespreking oor op behandeling van die volgende punt.

8.12 *Ordemosie: Dat die saak terugverwys word:*

Indien 'n mosie ingevolge hierdie paragraaf aanvaar word, moet die bespreking van die saak dadelik gestaak word en moet die Raad na die volgende saak oorgegaan en word die saak terugverwys na die bron daarvan.

9. AMENDEMENT:

8. MOTIONS OF ORDER.

During discussion of any matter, no other matter inconsistent with the matter under discussion shall be raised save any of the following motions of order:

- 8.1 That the meeting do now adjourn.
- 8.2 That debate now be suspended.
- 8.3 That debate now be closed.
- 8.4 That the meeting do proceed to the next business.
- 8.5 That the item be referred back to a committee.

8.6 Whenever a motion of order has been moved, discussion of the matter under consideration shall be discontinued forthwith and if a seconder for the motion of order has been forthcoming, such motion shall be put to the vote without delay.

8.7 *Motions of order may be discussed:*

A motion of order (which need not be submitted in writing) shall lapse if not seconded. However, in the event of such motion being seconded, the mover thereof may speak thereon for not more than five minutes. A seconder may only formally second such motion and may not speak thereon. The mover of any matter or motion which was under discussion when the motion of order was introduced, (reserving his right of ultimate reply on the original motion) may reply to the motion of order for not more than five minutes, whereafter the motion of order shall, without further discussion, be put to the vote.

8.8 *Motion of order: That the meeting do now adjourn:*

In the event of a motion to the effect that the meeting be adjourned, being accepted, the procedure laid down in paragraph 5.1 shall be followed. No member shall introduce or second more than one motion for the adjournment of a Council meeting at any session thereof.

8.9 *Motion of order: Suspension of debate:*

In the event of a motion “that the debate be suspended”, discussion of the matter under consideration shall be resumed at the ensuing meeting of the Council and the Council shall proceed to the next item on the agenda. Whenever such a suspended debate is being resumed, the member who moved that it be suspended, shall be entitled to speak thereon first. No member shall introduce or second more than one motion for the suspension of the same debate.

8.10 *Motion of order: Closure of debate:*

Whenever a motion “that the debate be closed” is accepted, the matter under consideration shall lapse completely. No member shall introduce or second more than one motion for the closure of the debate at the same meeting.

8.11 *Motion of order: That the meeting do proceed to the next business:*

In the event of such motion being accepted, the matter under consideration shall lapse and without further discussion Council shall proceed to consider the following item.

8.12 *Motion of order: That the matter be referred back:*

In the event of a motion in terms of this paragraph being accepted, discussion of the matter under consideration shall cease forthwith and such matter shall be referred back to its origin whereafter Council shall proceed to the following item.

9. AMENDMENTS.

9.1 Amendment moet ter sake wees:

Elke amendement moet betrekking hê op die mosie ten opsigte waarvan dit voorgestel word.

9.2 Elke amendement moet skriftelik gestel, deur die voorsteller onderteken en aan die voorsitter of aan die stadsklerk oorhandig word.

9.3 Amendment moet uitgelees word:

Elke amendement moet uitgelees word en daarna kan die voorsteller daarvoor praat.

9.4 Amendemente moet gesekondeer word:

Afgesien van die verduideliking daarvan deur die voorsteller, mag die Raad 'n amendement nie bespreek of daarvoor stem alvorens dit gesekondeer is nie. Die voorsteller van 'n amendement kan sy sekondant benoem.

9.5 Toesprake oor amendemente:

'n Lid mag die Raad nie meer as een keer oor 'n amendement toespreek nie. Die voorsteller van 'n amendement wat, nadat dit aanvaar is, 'n substantiewe mosie geword het, is nie geregtig om 'n repliek te lewer nie. 'n Lid wat 'n amendement formeel gesekondeer het, moet later toegelaat word om daarvoor te praat.

9.6 Verdere amendemente:

Nadat 'n amendement op 'n oorspronklike mosie voorgestel en gesekondeer is, mag daar nie 'n tweede of 'n volgende amendement voorgestel word alvorens die eerste amendement afgehandel is nie. Indien die amendement goedgekeur word, vervang die mosie, soos gewysig, die oorspronklike mosie en alle verdere amendemente moet op die geamendeerde mosie voorgestel word.

10. VERSOEKSKRIFTE:

10.1 Raadslede kan versoekskrifte indien, maar mag nie 'n toespraak of kommentaar lewer wanneer die versoekskrif ingedien word nie en so 'n versoekskrif moet sonder verwyl na die Bestuurskomitee verwys word.

11. AFVAARDIGINGS:**11.1 Memorandums:**

Afvaardigings wat wil hê dat die Raad hulle te woord moet staan, moet versoek word om eers 'n skriftelike memorandum in te dien, wat die stadsklerk aan die Raad of aan die Bestuurskomitee moet voorlê. Die voorsitter van die Raad of van die Bestuurskomitee moet besluit of die afvaardiging te woord gestaan sal word en of die saak ingevolge die gewone bevoegdhede van die betrokke vergadering afgehandel kan word. Indien die voorsitter van mening is dat die afvaardiging te woord gestaan moet word by die vergadering wat die memorandum sal oorweeg, word so 'n afvaardiging versoek om sy opwagting te maak.

11.2 Hoe afvaardigings te woord gestaan word:

'n Afvaardiging moet hoogstens uit drie lede bestaan en slegs een lid daarvan mag die vergadering toespreek behalwe wanneer vrae van raadslede beantwoord word. Die Raad moet die saak nie verder behandel as om die saak aan te hoor en alle inligting in te win voordat die afvaardiging vertrek het nie.

12. INDIENING VAN VERSLAE:

12.1 Die voorsitter van enige komitee of in sy afwesigheid die onder-voorsitter of in sy afwesigheid enige lid van die komitee wat daarvoor deur die voorsitter van die Raad benoem word, moet die verslae van die betrokke komitee vir bespreking voorstel. So 'n mosie mag nie bespreek word nie en word ook mondelings ingedien. Die voorsteller van die mosie mag enige punt in die verslag

9.1 Amendments to be to the point:

Each amendment shall have a bearing on the motion in respect of which it is being introduced.

9.2 Each amendment shall be in writing, signed by the mover and delivered either to the chairman or to the town clerk.

9.3 Amendment to be read out:

Each amendment shall be read out and the mover may thereafter speak thereon.

9.4 Amendments to be seconded:

Apart from an explanation thereof by the mover, Council shall not discuss an amendment or vote thereon until it has been seconded. The mover of an amendment may name his seconder.

9.5 Speeches on amendments:

A member of the Council shall not speak more than once on any amendment. The mover of an amendment, which has become a substantive motion after acceptance, shall not have a right to reply. A member formally seconding a motion shall be permitted to speak thereon at a later stage.

9.6 Further amendments:

After having introduced and seconded an amendment to an original motion, a second or further amendment may not be introduced before disposal of the first amendment. In the event of the amendment being carried, the motion as amended shall replace the original motion and all further amendments shall be introduced on the amended motion.

10. PETITIONS.

Councillors may submit petitions but shall not be permitted to deliver a speech or comment thereon when submitting such petition and the petition shall be referred to the Management Committee forthwith.

11. DEPUTATIONS.**11.1 Memorandums:**

Deputations desirous of interviewing the Council shall be requested to submit a written memorandum which shall be submitted by the town clerk to the Council or to the Management Committee. The chairman of the Council or of the Management Committee shall decide whether the deputation shall be heard or whether the matter may be disposed of in terms of the ordinary powers of the relevant meeting. Should the chairman be of the opinion that the deputation shall be heard by the meeting which considered the memorandum, such deputation shall be requested to be present at the meeting.

11.2 Manner of interviewing deputations:

Any deputation shall consist of not more than three members and only one member thereof shall be permitted to address a meeting except when questions put by councillors are to be answered. The Council shall not give further consideration to the matter before the departure of the deputation save as to obtain all relevant information concerning the matter.

12. SUBMISSION OF REPORTS.

12.1 The chairman of any committee, or in his absence, the deputy-chairman, or in his absence any member of the committee, appointed for this purpose by the chairman of the Council shall move that the report of the relevant committee be open for discussion. This motion may not be discussed and shall be introduced orally. The mover of such motion may explain any item of the report but

mondelings toelig maar mag nie langer as vyf minute daarvoor praat nie. Nadat die voorsitter van die Raad 'n sekondant vir die mosie gekry het, moet hy die aanbevelings wat in die verslae vervat is die een na die ander aan die orde stel.

12.2 *Bespreking van 'n verslag:*

Behoudens die bepalings van paragraaf 12.1 mag enige afdeling van 'n verslag bespreek word.

12.3 *Verslae kan teruggetrek word:*

Die voorsitter van 'n komitee of 'n ander lid wat 'n verslag van daardie komitee by die Raad indien kan met die toestemming van minstens twee derdes van die getal aanwesige lede, wat sonder bespreking verleen moet word, enige deel van die verslag terugtrek vir latere bespreking.

12.4 *Indiening van verslae vir inligting:*

'n Verslag wat vir inligting ingedien is, kan bespreek word, maar enige verdere voorstelle, behalwe dat kennis van die saak geneem word, moet skriftelik ingedien word en kan dan eers by 'n latere vergadering afgehandel word en nie by die vergadering waarby die voorstel ingedien is nie.

13. STEMMING:

13.1 *Opsteek van hande:*

Stemming geskied normaalweg deur die opsteek van hande en die uitslag van die telling word deur die voorsitter aangekondig.

13.2 *Hoofdelike stemming:*

Indien enige lid die beslissing deur die opsteek van hande in twyfel trek, versoek die voorsitter alle lede wat ten gunste is van die mosie waarvoor gestem word om uit hulle sitplekke op te staan. Nadat hulle name afgeneem is, versoek die voorsitter die lede wat daarteen is om op te staan. Nadat hulle name afgeneem is, kondig die voorsitter aan wie vir die mosie gestem het en wie daarteen en of die mosie aangeneem of verwerp is.

13.3 *Stemming per briefie:*

Indien enige lid daarop aandrang, moet stemming per geslote stembriefie plaasvind. Die stemming word deur die voorsitter en die stadsklerk nagegaan en getel en die voorsitter kondig die uitslag aan.

13.4 *Beslissende stem:*

Ingeval van 'n staking van stemme, het die voorsitter van die vergadering 'n tweede of beslissende stem.

13.5 *Notulering van teenstemme:*

Enige raadslid wat gestem het vir 'n verslane mosie het die reg om onmiddellik te versoek dat sy stem teen die mosie in die notule aangeteken sal word en sodanige teenstem moet dan in die notule aangeteken word: Met dien verstande egter dat die voorsitter enige teenstem of protes wat vertolk kan word 'n onbehoorlike motief aan enige raadslid of aan die raad toe te dig, kan afkeur vir aantekening in die notule. Die beslissing van die voorsitter in hierdie verband kan aan die vergadering vir goedkeuring of andersins opgedra word indien enige raadslid nie met die voorsitter saamstem nie.

14.1 *Die voorsitter bepaal of lede mag sit of staan en praat:*

Geen lid (uitgesonderd vroueled) wat by 'n raadsvergadering aanwesig is, mag 'n hoed of 'n ander soort hoofbedekking dra nie. Alle lede mag sit en praat met die voorsitter se toestemming.

shall not speak longer than five minutes on such matter. After having secured a seconder for such motion, the chairman of the Council shall submit the recommendations contained in the report in succession for approval.

12.2 *Discussion of report:*

Any section of a report may be discussed save as provided in paragraph 12.1.

12.3 *Withdrawal of reports:*

The chairman of a committee or any member thereof lodging with the council a report of that committee may withdraw any section of the report for later discussion with the consent of at least two-thirds of the Council members present, which consent shall be given without debate.

12.4 *Submission of reports for information:*

A report submitted for information may be discussed, but any other proposals, except that the matter be noted, shall be submitted in writing and shall be disposed of at a future meeting and not at the meeting the proposal was submitted.

13. VOTING.

13.1 *Show of hands:*

Voting shall normally be by show of hand and the result thereof shall be announced by the chairman.

13.2 *Division:*

Should any member question the resolution obtained by the show of hands, the chairman shall request all members in favour of the motion voted upon, to rise from their seats. After having recorded their names, the chairman shall request all opposing members to rise. After having recorded their names, the chairman announces who has voted in favour of the motion and who against and whether the motion has been carried or rejected.

13.3 *Ballot:*

Should any member insist, voting shall be by secret ballot. Voting shall be checked and counted by the chairman and the town clerk and the result announced by the chairman.

13.4 *Casting vote:*

In the event of an equality of votes, the chairman of the meeting shall have a second or casting vote.

13.5 *Minuting of dissentient vote:*

Any councillor who voted in favour of a motion which was defeated has the right to request immediately that his vote against the motion be recorded in the minutes and such dissentient vote shall be recorded in the minutes accordingly: Provided however, that the chairman may refuse to have such dissentient vote or objection recorded if an improper motive can be attributed to any Council or the Council.

The ruling of the chairman in this respect may be submitted to the meeting for endorsement or otherwise should any councillor not agree with the Chairman.

14.1 *The chairman shall determine whether members may sit or stand while speaking:*

No members (except female members) attending a Council meeting shall wear a hat or other headgear. All members may sit with the chairman's permission whilst addressing the chairman.

15. BESPREKING MOET TER SAKE WEES:

15.1 'n Spreker moet hom stiptelik by die saak onder behandeling of by die verduideliking of 'n punt van orde bepaal en geen bespreking of debat moet toegelaat word wat enige saak op die agenda vooruitloop nie. Met betrekking tot aangeleenthede wat vir die inligting van die Raad voorgelê word, mag daar slegs kommentaar gelewer word en word geen verdere bespreking toegelaat nie.

16. DIE VOORSITTER:

16.1 Die voorsitter geniet voorrang. Indien die voorsitter gedurende die debat opstaan, moet enige lid wat aan die woord is of wil praat gaan sit en die Raad moet die swye bewaar sodat die voorsitter ongehinderd aangehoor kan word.

16.2 Ontoepaslikheid, herhaling en wanorde:

Die voorsitter moet die aandag van die Raad vestig op herhaalde ontoepaslikheid, vervelige, onbetaamlike taal of enige verstoring van die orde deur 'n lid en moet so 'n lid indien hy praat, gelas om sy toespraak te staak of om hom, indien hy voortgaan om die gesag van die voorsitter te minag, vir die res van die sitting te verwyder.

16.3 Voorsitter kan lede laat verwyder:

Indien 'n lid nie gevolg gee aan die opdrag van die voorsitter wat ingevolge paragraaf 16.2 gegee is nie, kan die voorsitter hom versoek om dadelik die vergadering te verlaat en indien hy dit nie doen nie, kan die voorsitter stappe doen wat redelikerwys vereis word om te voorkom dat sodanige lid weer na die vergadering terugkeer.

17. DUUR VAN TOESPRAKE:

17.1 'n Toespraak mag nie langer as tien minute duur nie: Met dien verstande dat die voorsitter in spesiale gevalle waar die raad hom toelaat, kan toelaat dat dit nog tien minute langer kan duur.

17.2 Langer tyd vir bespreking van verslag:

Die Raad kan die bepalings van paragraaf 17.1 ter syde stel met betrekking tot 'n verklaring wat die voorsitter of 'n ander lid van die bestuurskomitee met die Raad se toestemming doen wanneer hy voorstel dat 'n deel van die verslag van daardie komitee behandel word.

18. SKORSING VAN LEDE:

18.1 Die voorsitter het die reg om, onderhewig aan die bepalings van hierdie reglement, enige raadslid wat opsetlik die gesag van die voorsitter verontagsaam of wat die werksaamhede van die raad belemmer, te skors of van enige vergadering van die Raad uit te sluit.

18.2 Enige raadslid het die reg om die voorsitter te versoek om skorsing op 'n lid toe te pas ingevolge die voorgaande paragraaf en indien hy die stem van die meerderheid van die Raad geniet, moet die voorsitter sy redes verstrek indien hy nie daaraan voldoen nie.

19. LEDE MAG NET EEN MAAL PRAAT:

19.1 Geen lid mag die vergadering meer as een keer oesprek oor enige saak wat op daardie vergadering bespreek word nie. Die voorsteller van 'n oorspronklike motie mag egter repliek lewer maar hy moet hom stiptelik by 'n antwoord aan vorige sprekers bepaal en mag nie nuwe sake te berde bring nie. Die voorsteller van 'n amendement wat, nadat dit aanvaar is, die substantiewe nosisie word, mag nie repliek lewer nie: Met dien verstande dat die Raad die voorsitter of 'n ander lid van die Bestuurskomitee, wat voorgestel het dat die komitee se verslag behandel moet word, kan toelaat om 'n verklaring ter

15. DISCUSSIONS TO BE TO THE POINT.

15.1 Any speaker shall confine himself strictly to the matter under discussion or to the explanation of a point of order and no discussion or debate anticipating any matter on the agenda shall be allowed. Matters referred to the Council for information, may only be commented upon but further discussion thereof shall not be permitted.

16. CHAIRMAN.

16.1 The chairman shall have precedence. Whenever the chairman rises during the course of a debate any member speaking or about to speak shall sit down and silence shall prevail so that the chairman may be heard uninterrupted.

16.2 Irrelevancy, repetitions and disorder:

The chairman shall direct the attention of the Council to continuous irrelevancies, tiresome repetitions, unseemly language or any other disturbance of the order by a member, and such member shall, if he is speaking be ordered to stop his speech or if he continues in contempt of the authority of the chairman, be removed or caused to be removed for the remainder of the meeting.

16.3 Chairman may have members removed:

If a member fails to carry out any order of the chairman, given in terms of paragraph 16.2, the chairman may request such member to leave the meeting without delay and if such member fails to comply with this request, the chairman may take such steps as may reasonably be required to prevent the return of such member to the meeting.

17. LENGTH OF SPEECHES.

17.1 No speech shall be longer than ten minutes: Provided that in special cases the chairman may, with the approval of the Council, permit that a speech be continued for a further period of ten minutes.

17.2 Extension of discussion of reports:

The Council may suspend the provisions of paragraph 17.1 regarding a statement, made with the consent of the Council, by the chairman or any other member of the Management Committee, to the effect that a section of the report of such committee be considered.

18. SUSPENSION OF MEMBERS.

18.1 Subject to the provision of these Rules of Order, the chairman shall have the right to suspend or exclude from any meeting of the Council, any councillor who wilfully disregards the authority of the chairman or who handicaps the Council in its activities.

18.2 Any member has the right to request the Chairman to suspend a member in terms of the preceding paragraph and if such motion is supported by the majority of the Council, the chairman shall submit reasons if effect is not being given to such motion.

19. MEMBERS TO SPEAK ONCE ONLY.

19.1 No member shall address the meeting more than once on any matter under discussion at such meeting. However, the mover of an original motion may reply provided that he confines himself strictly to the matters raised by previous speakers and raises no new matters. The mover of an amendment, which after its acceptance has become a substantive motion, may not reply: Provided that the Council may permit the chairman or any other member of the Management Committee who proposed that the Committee's report be considered, to submit an explanation before any particular item contained

verduideliking te doen voordat 'n bepaalde punt wat daarin vervat is, oorweeg of bespreek word in antwoord op 'n bepaalde vraag.

20. PUNT VAN ORDE EN PERSOONLIKE VERDUIDELIKING:

'n Lid, of hy nou al oor die saak onder bespreking gepraat het al dan nie, kan opstaan om 'n punt van orde te stel om iets te verduidelik, maar sy verduideliking moet uitsluitlik handel oor die wesentlike inhoud van 'n vorige toespraak van hom wat moontlik verkeerd verstaan is. 'n Lid wat aldus opstaan, moet dadelik aan die orde gestel word.

21. TERUGTREKKING VAN 'N MOSIE OF 'N AMENDEMENT:

'n Voorsteller van 'n mosie of 'n amendement kan met die toestemming van die meerderheid van die aanwesige lede so 'n mosie of amendement terugtrek. Die toestemming moet sonder bespreking verleen of geweier word en geen lid mag daarvoor praat nadat die voorsteller toestemming gevra het om dit terug te trek nie, tensy die toestemming geweier word.

22. BESLISSING VAN DIE VOORSITTER:

Die beslissing van die voorsitter oor 'n punt van orde of oor die toelaatbaarheid van 'n persoonlike verduideliking is afdoende en mag nie bespreek word nie.

C. REGLEMENT VAN ORDE.

23. OPSKORTING VAN REGLEMENT VAN ORDE: RAADSVERGADERINGS:

23.1 Die meerderheid van die Raad kan met enige besondere doel een of meer van die artikels van die Reglement van Orde opskort met die uitsondering van die volgende paragrawe wat ten alle tye geld:

3 Kworum

6 Notule

7.1 Mosies moet skriftelik ingedien word

8 Ordemosies

13 Stemming

15 Bespreking moet ter sake wees

16 Magte van voorsitter

24 Vertolking van Reglement.

23.2 Voorstel tot opskorting:

'n Lid kan gedurende 'n vergadering voorstel dat die Reglement van Orde opgeskort word vir 'n doel wat so 'n lid moet noem en wat skriftelik gestel en deur die voorsteller en sekondant onderteken en aan die voorsitter oorhandig moet word.

23.3 Stemming:

So 'n mosie kan voorgestel word slegs ten opsigte van 'n bepaalde punt en tensy 'n meerderheid van die Raad ten gunste van die opskorting stem, word dit geag verwerp te wees.

23.4 Die voorsitter kan mosies verwerp:

Die voorsitter, wie se beslissing hieromtrent afdoende is en nie verder bespreek mag word nie, kan enige mosie verwerp wat bedoel is om 'n voorstel in te dien wat, as dit aanvaar word, strydig met die bepalings van die Reglementisipale sake het nie, of wat nie onder die regsbevoegdheid van die Raad ressorteer nie, en hy moet alle mosies verwerp wat bedoel is om 'n voorstel in te dien wat, as dit aanvaar word, strydig met die bepalings van die Regle-

therein is to be considered or to be discussed in reply to a particular question.

20. POINT OF ORDER AND PERSONAL EXPLANATION.

Any member irrespective of whether he has spoken on the matter under discussion, may rise on a point of order or of explanation but such explanation shall be confined to the substance of a speech which he may have made and which may have been interpreted incorrectly. Such member who so rises must be heard immediately.

21. WITHDRAWAL OF A MOTION OR OF AN AMENDMENT.

The mover of a motion or of an amendment, may with the approval of the majority of members present, withdraw such motion or amendment. Such consent or refusal shall be dealt with without discussion and no member may speak thereon after the mover has applied for permission to withdraw the motion or amendment unless such permission has been refused.

22. RULING OF CHAIRMAN.

The ruling of the chairman on a point of order as to the admissibility of a personal explanation shall be final and may not be discussed.

C. RULES OF ORDER.

23. SUSPENSION OF RULES OF ORDER — COUNCIL MEETINGS.

23.1 The Rules of Order or any or more items thereof may be suspended by a majority of the Council for any special purpose provided that the following paragraphs shall be in force at all times:

3. Quorum.

6. Minutes.

7.1 Motions to be submitted in writing.

8. Motions of order.

13. Voting.

15. Discussions to be to the point.

16. Powers of the Chairman.

24. Interpretation of Rules of Order.

23.2 Motion to suspend:

A member may during the course of a meeting propose that the Rules of Order be suspended for a purpose to be mentioned by such member and such motion shall be in writing, signed by the mover and seconder and be handed to the chairman.

23.3 Voting:

Such motion may be put only in respect of a particular item and unless a majority of the Council is in favour of such suspension, it shall be regarded as having been refused.

23.4 Chairman may reject motions:

The chairman, whose decision hereon shall be final and shall not be further discussed, may reject any motion which shall be tantamount to a repetition of any matter already appearing on the agenda and not having a bearing on municipal matters or which does not fall within the jurisdiction of the Council, and the chairman shall reject all such motions intended to be a proposal which if accepted, will be contrary to the provisions of

ment van Orde sal wees, strydig met die finansiële regulasies of enige ander wet, of wat die handhawing van goeie orde sal bemoeilik.

23.5 Gevolg van aanneme van die mosie:

Indien 'n mosie ter opskorting van enige reël van die Reglement van Orde behoorlik aangeneem word, kan die voorsteller sy mosie voorstel of die saak bespreek, maar tydens die debat of bespreking moet al die ander bepalings van die Reglement van Orde nagekom word.

**24. OPSKORTING VAN REGLEMENT VAN ORDE
— BESTUURSKOMITEE, ENS.:**

24.1 Die lede van die Bestuurskomitee of van enige adviserende komitee of onder-komitee kan met meerderheidstem enige bepalings van die Reglement van Orde opskort ten opsigte van vergaderings van daardie komitee met uitsondering van die volgende:

3 Kworum

6 Notule

16 Magte van voorsitter;

Met dien verstande dat die voorsitter van sodanige komitee of onder-komitee die reg het om die Reglement van Orde toe te pas indien hy van mening is dat afwyking daarvan die werkzaamhede van die komitee sal benadeel.

24.2 Waar enige lid nie genoë neem met 'n besluit van die voorsitter van 'n komitee of onder-komitee om die Reglement toe te pas nie, kan hy versoek dat die beslissing van die voorsitter na die Raad verwys word vir bespreking.

24.3 Die voorsitter van 'n komitee of onder-komitee het egter nie die reg om die bepalings van die reglement te verslap sonder die toestemming van die meerderheid van die komitee wat aanwesig is nie.

25. VERTOLKING VAN REGLEMENT VAN ORDE:

25.1 'n Lid kan versoek dat die voorsitter se beslissing genotuleer moet word:

'n Lid kan versoek dat die voorsitter se beslissing oor die vertolking van die Reglement van Orde in die Raad se notule aangeteken moet word en die stadsklerk moet 'n lys van elke sodanige beslissing hou. Die voorsitter moet die inskrywing van elke afsonderlike beslissing wat hy geneel het, onderteken.

25.2 *Oorweging van beslissing van die voorsitter:*

'n Lid wat versoek het dat die beslissing van die voorsitter genotuleer moet word, kan daarna eis dat die stadsklerk die saak aan 'n volgende vergadering van die Raad moet voorlê en dat die Raad daardie beslissing moet oorveeg. Die Raad kan na aanleiding van so 'n bespreking gelas dat die beslissing ingetrek of gewysig moet word.

26. WYSIGING VAN REGLEMENT VAN ORDE:

Slegs die Raad kan wysigings aan die Reglement van Orde aanbring nadat die prosedure wat in die Munisipale Ordonnansie 1963 voorgeskryf word vir die wysiging van munisipale regulasies nagekom is.

D. VERGADERING VAN DIE RAAD.

(i) RAADSVERGADERINGS.

27. ALGEMENE BEPALINGS:

27.1 *Oop vir pers en publiek:*

Alle vergaderings van die Raad is oop vir die pers en die publiek. Die voorsitter het egter die reg om enige persoon wat nie behoorlik geklee is nie, wat die orde versteur

the Rules of Order, the financial regulations or any other law or which will impede the maintenance of good order.

23.5 Effect of acceptance of motion:

Whenever a motion for the suspension of any rule of the Rules of Order has been duly accepted, the mover may put his motion or may discuss the matter provided that during the debate or discussion all provisions of the Rules of Order shall be complied with.

**24. SUSPENSION OF RULES OF ORDER:
MANAGEMENT COMMITTEE, ETC.**

24.1 The members of the Management Committee or of any other advisory committee or sub-committee may with a majority vote suspend any provisions of the Rules of Order in respect of meetings of that committee with the exception of the following:

3 Quorum.

6 Minutes.

16 Powers of the chairman:

Provided that the chairman of such committee or sub-committee shall have the right to enforce the Rules of Order if he is of the opinion that a departure thereof would be to the disadvantage of the activities of the committee.

24.2 Any member not being satisfied with a ruling of the chairman of a committee or a sub-committee regarding the application of the Rules of Order, may request that the ruling of the chairman be referred to the Council for discussion.

24.3 The chairman of a committee or sub-committee shall not have the right to relax the provisions of the Rules of Order without the consent of the majority of the committee present.

25. INTERPRETATION OF THE RULES OF ORDER.

25.1 *Member may request that the ruling of the chairman be recorded:*

A member may request that the ruling of the chairman regarding the interpretation of the Rules of Order be recorded in the Council minutes and the town clerk shall keep a list of such rulings. The chairman shall sign each entry of the ruling given by him.

25.2 *Consideration of ruling of the chairman:*

A member who has requested that the ruling of the chairman be minuted may claim that the matter be submitted by the town clerk to the following meeting of the Council and that the Council consider such ruling. The Council may as a result of such discussion order that the ruling be withdrawn or amended.

26. *Amendment of Rules of Order:*

Only the Council may make amendments to the Rules of Order after the procedure laid down in the Municipal Ordinance for amending municipal regulations has been complied with.

D. MEETING OF THE COUNCIL.

(i) COUNCIL MEETINGS.

27. GENERAL CONDITIONS:

27.1 *Open to press and public:*

All meetings of the Council shall be open to the press and the public. However, the chairman shall have the right to remove from the Council chamber anybody not

of die waardigheid van die raadsaal benadeel, uit die saal te verwyder.

27.2 Slegs besluite van die ope Raad is geldig:

Ingevolge die Munisipale Ordonnansie 1963 is slegs besluite wat in die ope vergadering geneem is vir sover dit die beleid van die Raad aanbetref, geldig. Vergaderings van die Raad-in-Komitee kan alleen aanbevelings aan die Raad doen.

27.3 Daar word geensins afgedoen aan die geldigheid van besluite van die Raad nie wanneer verkeerde procedure toevallig gevolg word of as gevolg van die onbevoegdheid van enige lid van die Raad nie.

27.4 Die Raad kan geen geldige besluit neem in verband met enige saak genoem in artikel 6 van die Munisipale Ordonnansie nie tensy die Raad van 'n aanbeveling of 'n verslag van die Bestuurskomitee in verband daarmee bedien is.

(ii) EERSTE VERGADERING VAN DIE RAAD EN VAKATURES.

28.1 Binne sewe dae na 'n algemene verkiesing van raadslede of binne sewe dae na die tweede Woensdag van Maart van enige jaar waarin geen algemene verkiesing van raadslede plaasvind nie, moet die stadsklerk (of, indien daar geen stadsklerk is nie die amptenaar wat in daardie hoedanigheid optree) 'n vergadering van die Raad belê waartydens die ampsdraers van die Raad verkies word vir die daaropvolgende jaar, of totdat ander ampsdraers verkies word.

28.2 Die agenda van hierdie vergadering moet *mutatis mutandis* soos volg ingedeel word:

- (a) Verslag van die uittredende burgemeester aan die uittredende Raad, wat hulle sitplekke soos gewoonlik inneem;
- (b) bespreking van die verslag en mosies in verband daarmee, waarna die uittredende raadslede hulle sitplekke afstaan aan die nuutgekose raadslede (indien dit van toepassing is);
- (c) verkiesing uit die geledere van die Raad soos saamgestel na die verkiesing, van die voorsitter van die Raad. Vir die doel van die verkiesing van die voorsitter neem die stadsklerk die voorsitterstoel in wat hy daarna ten gunste van die gekose voorsitter ontroom;
- (d) verkiesing van onder-voorsitter;
- (e) verkiesing van burgemeester;
- (f) verkiesing van onder-burgemeester;
- (g) verkiesing van lede van die Bestuurskomitee;
- (h) verkiesing van die voorsitter en onder-voorsitter van die Bestuurskomitee;
- (i) verkiesing van adviserende komitees en van onderkomitees en hulle voorsitters;
- (j) ander sake.

28.3 Indien meer as een kandidaat vir enige van die poste van ampsdraers van die Raad benoem word, moet die verkiesing by wyse van geslote stembriefies plaasvind en waar die aantal stemme uitgebring gelyk in getal is, moet die voorsitter dadelik in die openbaar deur loting bepaal wie die aangewese ampsdraer is.

28.4 In geval van 'n vakature wat in enige pos van die ampsdraers voorkom, word 'n plaasvervanger by die eersvolgende gewone raadsvergadering verkies.

properly dressed or who disturbs the order or who infringes upon the dignity of the Council chamber.

27.2 Only resolutions of open Council are valid:

In terms of the Municipal Ordinance, 1963 only resolutions in open Council shall be valid as far as the policy of the Council is concerned. Meetings of the Council-in-Committee may only make recommendations to the Council.

27.3 The validity of resolutions of the Council shall not be affected if an incorrect procedure has been followed or as a result of the incompetence of any member of the Council.

27.4 The Council may not take any valid resolutions concerning any matter mentioned in section 6 of the Municipal Ordinance unless the Council has been furnished with a recommendation or with the report of the Management Committee in that connection.

(ii) FIRST MEETING OF COUNCIL AND VACANCIES.

28.1 Within seven days after a general election of councillors or within seven days after the second Wednesday of March in any year in which no general election of councillors is being held, the town clerk (or in his absence any official acting in that capacity) shall convene a meeting of the Council during which the office bearers of the Council shall be elected for the ensuing year or until other office bearers have been elected.

28.2 The agenda of this meeting shall *mutatis mutandis* be as follows:

- (a) Report of the retiring mayor to the retiring Council who will occupy their seats as usual;
- (b) discussion of the report and motions in connection with it. Thereafter the retiring councillors shall vacate their seats in favour of the newly elected councillors (if it is applicable).
- (c) election of the chairman of the Council out of the members of the Council as constituted after the election. For the purpose of the election of the chairman the town clerk shall take the chair and after the election relinquish it in favour of the elected chairman;
- (d) election of deputy chairman;
- (e) election of mayor;
- (f) election of Deputy mayor;
- (g) election of members of the Management Committee;
- (h) election of chairman and deputy chairman of the Management Committee;
- (i) election of advisory committees, sub-committees and their chairmen;
- (j) other matters.

28.3 In the event of more than one candidate being nominated for any of the positions of office bearers of the Council, election shall be by secret ballot and in the event of an equality of votes, the chairman shall immediately in public cast the lot to determine who the office bearers shall be.

28.4 In the event of a vacancy occurring in any position of office bearers, an alternate shall be elected by the first ordinary Council meeting thereafter.

E. VERGADERINGS VAN DIE BESTUURSKOMITEE EN ANDER KOMITEES EN ONDER-KOMITEES.

29. Vergaderings van die Bestuurskomitee en ander komitees en onder-komitees is oop vir alle raadslede wat ook met die toestemming van die voorsitter, aan die bespreking kan deelneem maar die beslissing en aanbevelings kan alleen deur die meerderheid van die lede van sodanige komitee bereik of gedoen word.

30. Die Bestuurskomitee moet minstens sewe (7) dae voor die datum van die gewone maandvergadering 'n verslag goedkeur vir voorlegging aan die Raad van al sy besluite sedert die vorige verslag.

F. DIE STADSKLERK.

31. Benewens die verpligtings wat deur enige wetgewing aan die stadsclerk opgedra word, moet hy, bygestaan deur die stadstoesourier en ander departementshoofde —

1. kommentaar en verduidelikings aan die Raad verstrek en die Raad adviseer in verband met die jaarlikse begroting van inkomste en uitgawe en enige aansoeke om aanvullende begrotingsbewilligings indien;
2. verslag doen aan die Raad oor die finale rekeninge van die Raad na afsluiting daarvan;
4. die Raad adviseer in verband met die leningsproplikasies van enige skema of werk wat die Raad vir uitvoering oorweeg;
4. die Raad adviseer in verband met die leningsprogram en leningsaansoeke.

E. MEETINGS OF THE MANAGEMENT COMMITTEE AND OTHER COMMITTEES AND SUB-COMMITTEES.

29. Meetings of the Management Committee, other committees and sub-committees shall be open to all councillors who may participate in the discussions with the permission of the chairman, but resolutions or recommendations may only be passed by a majority of the members of such committee.

30. The Management Committee shall at least seven (7) days before the date of the ordinary monthly meeting approve a report containing all its resolutions subsequent to its previous report, for submission to the Council.

F. TOWN CLERK.

31. Apart from the duties conferred upon the town clerk by law, he shall, assisted by the town treasurer and other departmental heads —

1. comment and furnish explanations to the Council and the Council shall be advised by him in connection with the annual estimates of income and expenditure and any application for additional provisions on the budget shall be submitted by him;
2. report to the Council regarding the final accounts after such accounts have been balanced;
3. advise the Council in connection with the financial implications of any scheme or work submitted to Council for consideration;
4. advise the Council in connection with loan programmes and loan applications.

No. 119.]

[15 Augustus 1970

